**DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**PERSVERKLARING – UITSPRAAK GELEWER IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL**

Van: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl

Datum: 28 Maart 2013

Status:

*Die persverklaring is tot voordeel van die media en vorm nie deel van die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl nie.*

**DIE MINISTER VAN POLISIE v F B VAN DER VYVER**

Op Maart 2013 het die HHA die appèl van die Minister van Polisie gehandhaaf teen 'n uitspraak van die Wes-Kaapse Hooggeregshof ten gunste van mnr F B van der Vyver. Die saak het sy oorsprong gehad in 'n strafsaak waarin Van der Vyver tereggestaan het op aanklag van die moord op mej Inge Lotz op 16 Maart 2005. Nadat Van der Vyver onskuldig bevind is op hierdie aanklag het hy die Minister suksesvol aangespreek in die verhoorhof op grond van kwaadwillige vervolging deur lede van die SAPD, onder meer, vir die regskoste wat hy in die strafsaak aangegaan het.

As basis vir sy eis het Van der Vyver veral gesteun op twee verklarings deur lede van die SAPD wat later geblyk het onwaar te wees. Die eerste het betrekking gehad op sy vingerafdruk wat na bewering gelig is van 'n DVD-houer

in die oorledene se woonstel maar later geblyk het van 'n drinkglas afkomstig te wees. Die tweede het geslaan op 'n bloedmerk op die oorledene se badkamervloer wat verkeerdelik verbind is met 'n sportskoen van Van der Vyver. Aangaande die vingerafdruk het die verhoorhof beslis dat Van der Vyver nie daarin geslaag het om kwaadwilligheid aan die kant van die polisie te bewys nie. Nietemin is sy eis gehandhaaf op grond van die onware getuienis rondom die bloedmerk.

Op appèl het die HHA met die verhoorhof saamgestem oor die vingerafdruk-getuienis, maar beslis dat geen oorsaaklike verband bewys is tussen die onware getuienis rakende die bloedspoor, aan die een kant, en die voortsetting van die vervolging teen Van der Vyver, aan die ander kant, nie. In wese het die HHA sy uitspraak baseer op die getuienis van die staatsadvokaat in die strafsaak dat die vervolging teen Van der Vyver, selfs in die afwesigheid van hierdie onware getuienis rakende die bloedspoor, sou voortgaan.